

# Saterdag 14 Augustus

Skrifgedeelte: Job 20

Fokusgedeelte: Job 20

## Worstel gelowig!

Sofar praat, soos Bildad, uit sy hoogte en beteweterige self: Job ervaar presies dit wat vir 'n goddelose mens bestem is. Soos Sofar aandui, het dit met Job goed gegaan en toe tref die slae hom: 'n bewys dat Job 'n goddelose mens is.

Al Job se gepraat ten spyt, meen Sofar dat Job net skynheilig is ... wat vroom voorgee dat hy onskuldig is, dat hy geglo het toe dit goed gegaan het. Dis hoekom God alles van hom weggeneem het. Job se lot is vir Sofar 'n bewys van sy sonde en skynheiligheid. Daarom straf God hom.

Natuurlik straf God met tydelike en ewige strawwe, maar om soos Sofar te wil voorgee dat voorspoed versus straf soos een van Newton se wette werk van aksie-reaksie, is verkeerd. Negatiewe omstandighede is nie (noodwendig) persoonlike straf nie! Dit reën oor goeies en slegtes, die son skyn oor regverdiges en onregverdiges, want God se voorsienigheid sluit reën en droogte, siekte en gesondheid, ensovoorts, in.

Moet nooit sê/vra: Waarom straf die Here my so? nie. Dan dink jy soos Sofar en nie soos die gelowige worstelende Job nie. Job sou eers in hoofstuk 42, nadat God met hom gepraat het, iets van 'n antwoord kry. Intussen nog gelowig worstel!

*Sing: Psalm 145-1:1*

*Dr. PK Lourens (Pieter) (Emeritus)*